

Beste verkenner,

Baie geluk, jy het die eerste stap geneem om saam in die Waterberge te kom kamp en jou X-faktor te ontdek. Rhus keeti beloof om hierdie jaar weereens buitengewoon te wees! Daar is 'n paar dinge wat jy sal moet saambring om te deel in die pret.



Heel eerste moet jy die toep ("app") *Cluster* aflaai en die twee QR kodes skandeer om deel te wees van die kampgroep en julle eie 4x4 groep.

*Cluster* skep 'n privaat sosiale media groep waar julle kommentaar en foto's met mekaar kan deel. Op die kampgroep sal al die inligting gedeel word wat jy gaan nodig kry om te weet wat aangaan op die kamp.

Rhus keeti



4x4








Jy wil seker betyds voorberei vir die kamp. Gebruik gerus die lysie om te verseker dat jy die regte dinge in jou tas pak:

- Natuurlik pak jy eerste jou *donkerblou denim en Voortrekker golf-hemp* in, anders gaan dit maar sukkel-sukkel gaan op ons besondere seremonies;
- Daarna moet jy *klere vir elke dag* saambring - onthou dit kan lekker warm wees deur die dag, maar net so koud in die aande. *Meisies, julle mag geensins spaghetti-bandjie hempies aantrek nie* - ons hou nie van blase op die skouers nie. Sorg dat julle hemde moue het wat die son wegkeer;
- Jy gaan ook jou *handdoek en wasgereedskap* nodig hê om weer skoon te kom;
- Jy moet uitgetrapte *stapskoene* (soos tekkies) saambring. Ons gaan jou nie toelaat om in die veld rond te loop met plakkies nie - geswikte enkels en beserings aan die voete is ongerieflik vir 'n week in die veld;
- Bring maar 'n *reënjas* saam asook genoeg warm klere;
- As die water nie val nie, dan skyn die son en dit het *sonbrandroom* nodig;
- Bring maar *musketweermiddel* en gebruik dit gereeld;
- Onthou om jou *eetgerei* in te pak, anders moet jy vir 'n week met jou vingers eet;
- Jou *slaapgoed* is ook belangrik om genoeg rus te verseker - dit raak koud in die nag in die Waterberge. As gevolg van beperkte pakplek vra ons dat geen kampbeddens saamkom nie, maar jy mag wel 'n stapmatras saambring;
- In die nag is dit pikgietswart donker - jy gaan definitief nie jou tent opspoor sonder 'n *fliets met genoeg batterye* nie;
- Jou selfoon met 'n MTN simkaart - ons het nie opvangs van enige ander diensverskaffer nie;
- 'n Geheuestokkie wat genoeg spasie het om die kampfoto's vir jou op te laai;

- Jy moet asseblief *enige kledingstuk/ke* (Hoede, broeke, hemde, ens) saambring waarop jy ons kamp se spesiale logo permanent kan druk sodat jy nooit die kamp vergeet nie;
- Jy slaap in jou eie klein *tentjie*, of saam met 'n paar van jou maats - tref asseblief die nodige reëlings onder mekaar.

**Dan is daar nog 'n paar dingetjies waar sonder jy nie sal kan klaar kom by 4x4 Veldry nie:**

-  Jou leerlingbestuurderslisensie/lisensie - jy gaan op openbare paaie ook bestuur
-  Klere wat kan vuil word van oliekolle en modder. Julle gaan deur modder stap, pad maak en kar diens!
-  Skoene wat kan nat word
-  swemklere vir bad en was in die stroompies
-  saamvat-handdoek en seep om in die veld in dammetjies te kan was

**Jy kan maar die volgende by die huis los:**

- Nikotien en alkohol - klink erg, maar dit sal jou ongelukkig weer op jou pad huistoe stuur en jou ouers gaan nie beïndruk wees met die ekstra rit nie;
- Enige ander dinge waarvoor jy dalk gaan skaam kry as jou ouers of offisiere dit by jou kry.

**Vervoerreëlings:**

Nou ja, as jy klaar ingepak het, moet jy nie tyd verspeel om op die kamp te kom nie. As jou ouers jou self op die kamp gaan aflaai, moet jy asseblief toesien dat julle nie later nie as 11:30vm Saterdagoggend 23 Maart 2019 op die kamp arriveer. As julle nie weet hoe om daar te kom nie, volg asseblief die skakel na [www.rhuskeeti.co.za](http://www.rhuskeeti.co.za) waar jy aanwysings sal kry. Jou ouers kan jou weer op Saterdag 31 Maart 2019 om 12:00nm, net na ons laaste seremonie, oplaai.

As jy in die bus spring, moet jy ons asseblief op Saterdag 23 Maart 2019 om 7:30vm by Hoërskool Waterkloof ontmoet. Onthou asseblief dat spasio beperk is. Die busdiens weier om groot weermagtente en fietse te vervoer. Ons maak gebruik van P. Bier Busdiens en die bus is dienooreenkomstig gemerk. Met ons terugkoms van die kamp af, behoort julle so tussen 16:00nm en 17:00nm weer op dieselfde plek afgelaai te word. Tref asseblief die nodige reëlings met jou ouers om jou weer op te laai.

As jou ouers die kamp dringend moet kontak gedurende die week, kan hulle ons bel by 073 545 2727 of 'n epos stuur aan [info.rhuskeeti@gmail.com](mailto:info.rhuskeeti@gmail.com).

Ten laaste moet jy jouself goed voorberei vir die grootste avontuur van jou lewe! Bring hope en hope energie!

Onthou asseblief dat hierdie kamp onder die reëls en regulasies van Die Voortrekkers: Transvaal geskied en dat dissipline hiervolgens toegepas sal word.

Sien jou een van die dael!

Voortrekker groete,  
Charl  
Kamplier